

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 24: Vayikra (ויקרא) – Hy het Geroep

יהוה *het Moshe geroep en met hom gepraat vanaf die Tent van Ontmoeting en gesê.....* Lev. 1:1 – PWL¹

Torah: Lev. 1:1 tot 6:7²

Haftorah: Jes. 43:21 tot 44:23.

Nuwe Verbond: Mark. 7:1 tot 30; Rom. 8:1 tot 13; Heb. 9:11 tot 28; 10:1 tot 22; 13:10 tot 16.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 24 wat afgelaai kan word by: [Parashah24Notas14](#) en [Parashah24Notas15](#) en [Parashah24Notas16](#).

You know, people say today: "Oh, I am just a saved sinner." That is like saying you are a married bachelor. That is like saying you are an honest thief, or a pure harlot. You can't be a saved sinner. You are either saved or you are a sinner. He came. "Thou shalt call his name Yeshua. He shall save his people from their sins." – Leonard Ravenhill.

Jy is of dood vir sonde of jy is dood vanweë sonde!!

If you don't delight in the fact that your Father is holy, holy, holy, then you are spiritually dead. You may be in a church. You may go to a Christian school. But if there is no delight in

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

² Volgens sommige vertalings, soos byvoorbeeld in die *Complete Jewish Bible* is Lev. 6:1 tot 7 deel van hoofstuk vyf van Levitikus.

your soul for the holiness of God, you don't know God. You don't love God. You're out of touch with God. You're asleep to his character – R.C. Sproul.

Holiness is the strength of the soul. It comes by faith and through obedience to God's laws and ordinances. God then purifies the heart by faith, and the heart becomes purged from that which is profane and unworthy. When holiness is achieved by conforming to God's will, one knows intuitively that which is wrong and that which is right before the Lord. Holiness speaks when there is silence, encouraging that which is good or reproving that which is wrong – James E. Faust.

Torah Bespreking

Hersiening.

Exodus (*Sh'mot*) se sentrale tema is die *verlossing* (redding, bevryding) van Israel. Dit vertel hoe YHVH Sy uitverkore volk gered het van die slawejuk van Egipte sodat hulle Hom kon dien volgens 'n verbondsverhouding, naamlik volgens die verbond met Abraham en volgens die boek van die verbond (Ex. 19:5 tot 24:11), en sodat Hy vir Israel, as 'n koninklike prietserdom, 'n God en Koning in die Beloofde Land, Kanaän kon wees. Maar Israel het weens die aanbidding van 'n goue kalf die verbonde van die belofte, naamlik die verbond met Abraham en die boek van die verbond, verbreek! Daarom het YHVH aan Israel die boek van die wet, naamlik die Torah van Moses, gegee as 'n tugmeester tot Yeshua sou kom.

Deel van hierdie boek van die wet was al die onderrig en instruksies ten op sigte van die tabernakel, die Levitiese priesterorde en die offerandes. So het die boek van Exodus afgesluit met die oprigting van die tabernakel as die plek waar YHVH in die midde van Sy volk sou woon.

So het Moshe dan die werk voltooi ³⁴en die wolk het die Tent van Ontmoeting oordek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die tent gevul. ³⁵Moshe was nie in staat om in die Tent van Ontmoeting in te gaan nie omdat die wolk daarop gerus en die Teenwoordigheid van יהוה die tent gevul het. ³⁶Wanneer ook al die wolk van die tent af ophig, het die seuns van Yisra'el weggetrek op al hulle reise, ³⁷maar as die wolk nie ophig nie, dan trek hulle nie weg nie, tot die dag wat dit weer ophig, ³⁸want die wolk van יהוה was bedags en vuur in die nag op die tent, voor die oë van die hele huis van Yisra'el, op al hulle reise. Ex. 40:34 tot 38.

Die tabernakel, priesterorde en offerandes was die “voltooiing” van YHVH se begeerte om in die midde van Sy volk te woon. Daarom is *vayikra* die onderrig en instruksies hoe hierdie intieme verhouding tussen YHVH en die mens moet funksioneer. Hierdie verhouding is gebaseer op vertroue en gehoorsaamheid.

Levitikus is die derde boek van Moses en dus die derde boek van die Torah. Die Hebreeuse naam van hierdie boek is *Vayikra* wat afgelei is van Lev. 1:1 wat begin: *YHVH het Moses geroep....* Die sewentig Rabbies wat die Tanakh in Grieks vertaal het, het hierdie boek egter Levitikus genoem en dit beteken: *Met betrekking op (tot) die priesters.*

Levitikus is die middelste en kortste boek van Torah. Die hooftema is heiligmaking (afgesonderd) en die sleutelteks kan as Lev. 11:45 beskou word:

want Ek is יהוה wat julle uit die land van Egipte uitbring het om julle God te wees. Julle moet daarom afgesonderd wees, omdat Ek afgesonderd is

As deelgenote van die nuwe verbond in Yeshua is ons ook deur YHVH geroep (*vayikra*) as ‘n koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9) en is die Skrifte van die nuwe verbond ons “Levitikus”, naamlik dit wat betrekking het op die priesters volgens die orde van Melgisédek.

Om in ons lewenswandel afgesonderd (heilig) te wees, is ook die opdrag van die nuwe verbond.

13 Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, 14soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, 15maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is 16omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1 Pet. 1:13 tot 16.

Die Torah van Moses, en veral die boek van Levitikus, was slegs ‘n skaduwee hiervan. Ons moet verstaan dat die bo alles uitstaande hoedanigheid van YHVH is Sy morele volmaaktheid en Sy etiese standaard van reinheid, naamlik die reëls en vereistes ten opsigte van gedagtes, woorde en dade. Dit is die skietlood wat ons onself mee moet meet. Om afgesonderd (heilig) te wees, vereis ‘n vrywillige en vreugdevolle onderdanigheid aan YHVH se Torah soos dit in Yeshua van toepassing is, asook om afgesonder en vernuwe (‘opgelei’ en toegerus) te word vir dienswerk in Vader se hemelse koninkryk.

16Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir ‘n kursus in onpartydige opregtheid 17sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad. 2 Tim. 3:16 en 17.

Daarom moet ons onself daarop toespits om volmaak voor God te lewe as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, maar wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig (2 Tim. 2:15).

Ons wat voorheen geen volk van God was nie, maar nou Sy volk is, moet die lofprysing van Hom, wat ons uit die duisternis geroep het, verkondig (1 Pet. 2:10)

Geroep Tot Geregtheid

Soos reeds genoem is die Hebreeuse naam van die derde boek van Torah, *Vayikra* (ויקרא) en beteken dit: *Hy het geroep*, naamlik dat YHVH Moses geroep het! Moses is geroep om die onderrig en instruksies te ontvang hoe Israel by wyse van die tabernakel, Levitiese priesterorde en offerandes nader aan YHVH, en in die regte verhouding met hulle God van Verlossing, moet leef. Levitikus is die onderrig in geregtigheid van die ou verbond.

In die boek van Levitikus leer ons dat:

- ❖ Vergifnis van sonde alleenlik deur die onskuldige is wat in die plek van die skuldige sterf, en dat
- ❖ Vergifnis opgevolg moet word deur gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah).

Die offerandes (Hebreeus: *korban*) kan ook gesien word as ‘n vorm van aanbidding waar elkeen die geleentheid kry om sy verbintenis en sy toegewydheid by wyse van ‘n offerande teenoor sy Skepper-God te demonstreer.

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons van die vyf baie belangrike offerandes (*korbanote*), soos in hierdie tabel uiteengesit word:

Offerande	Doel en Betekenis
Brandoffer (<i>Olah</i>) <i>Burnt Offering</i> . Lev. 1:1-17; 6:8-13; 8:18-21; 16:24	Vrywillig. Versoening vir onopsetlike sonde van verkeerde handeling (optrede) en onrein gedagtes. Offer van toewyding, oorgawe en onderwerping. Ook die daaglikse (oggend en aand) offer. Die eerste en noodsaaklikste stap van nader (opwaarts) beweeg aan YHVH.
Spysoffer (<i>Minchah</i>) <i>Meal/Grain Offering</i> . Lev. 2:1-16; 6:14-23.	Vrywillig. Nie weens sonde nie, maar dankbaarheid vir YHVH se goedheid en voorsiening. Bereidwilligheid tot gehoorsaamheid en 'fellowship'. Geen suurdeeg of heuning. Fynmeel, olie en sout – geregtigheid, die Afgesonderde Gees en smaak/preservering. [10% verbrand en 90% deur priesters geëet].
Dankoffer / Loffer (<i>Shlamim/shalam</i>) <i>Peace Offering</i> . Lev. 3:1 tot 17; 7:11 tot 34.	Vrywillig. Nie weens sonde, maar uit dankbaarheid vir <i>shalom</i> , vriendskap, versoening en onderlinge broederskap (<i>fellowship</i>).
Sondoffer (<i>Chatas</i>) <i>Sin Offering</i> . Lev. 4:1 tot 5:13; 6:24-30; 8:14-17; 16:3-22.	Verplichtend. Vergifnis en versoening vir onopsetlike sonde weens nalatigheid (dit was per ongeluk) en onkunde. Ons almal het gesondig. Belydenis is 'n daad van bevryding en herstel.
Skuldoffer (<i>Asham</i>) <i>Trespass / Guilt Offering</i> . Lev. 5:14 tot 6:7; Lev. 7:1-6	Verplichtend. Vergifnis en versoening vir onopsetlike sonde wat restitusie (vergoeding van skade) vereis.

Terwyl dit waar is dat Yeshua die eenmalige offer is wat al die verskillende offerandes vervul het, is dit eweneens waar dat ons nie die ware betekenis daarvan kan verstaan sonder om die betekenis van die verskillende offerandes te verstaan nie.

Die doel van die offerandes (*korban*)³ was om die sondaar te reinig (byvoorbeeld deur die sondoffer) sodat hy weer in YHVH se teenwoordigheid kan staan in 'n verhouding wat herstel is. Dit is dan die kerndoel van die offerandes, naamlik om nader aan YHVH te beweeg en die verhouding tussen die mens en YHVH te herstel, maar ook om dankbaarheid te betoon (byvoorbeeld deur die spysoffer).

Soos ons tot hede geleer het, het YHVH vir Israel al die onderrig en instruksies van die boek van die wet gegee wat hulle moes onderhou na die sonde van die aanbidding van die goue kalf. Hierdie wetboek was Israel, asook die vreemdeling wat geglo het in die God van Abraham, Isak en Jakob, se tugmeester ('n gids wat Israel vergesel het) tot Yeshua se folterdood en opstanding wat die skuldbrief vereffen het (Kol. 2:14). Die offerandes was dus

³ *Korban* is afkomstig van die grondwoord *karov* wat die volgende beteken: *toenadering, om naby te kom en om 'n verhouding aan te knoop*.

ook die tugmeester na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue (Gal. 3:24).

Gehoorsaamheid aan al die onderrig en instruksies van die boek van die wet (die geskrewe wet) het verseker dat elkeen wat glo in YHVH in die regte verhouding met sy Skepper-God kon lewe. Dit het die onderrig en instruksies bevat hoe om 'n afgesonderde (heilige) volk vir YHVH onder die ou verbond te wees.

Daarom is Levitikus die onderrig en instruksies aan Israel hoe om by wyse van die offerandes nader aan YHVH te beweeg, asook hoe om deur al die ander voorskrifte in die regte verhouding met hulle God van Verlossing te leef tot Yeshua sou kom op YHVH se bepaalde tyd.

Maar hierdie boek van die wet was 'n voortdurende aanklag teen Israel omrede niemand die wet volkome kon onderhou nie. Die Apostel Jakobus stel dit soos volg:

Wie ook al die hele geskrewe wet gehoorsaam, maar in een ding struikel, word deur die hele wet skuldig bevind. Jak. 2:10.

Daarom leer ons in die boek van Levitikus van die voortdurende offers wat daagliks en jaarliks gebring moes word. Maar hierdie was slegs 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs verduidelik dit soos volg:

¹ want die geskrewe wet was 'n skaduwee van die goeie dinge wat sou kom, nie die kern van die dinge nie omdat die offers wat elke jaar gebring word, dié wat hulle offer, nooit volmaak kan maak nie, ² want as dit volmaak gemaak het, sou hulle sonder twyfel opgehou het om te offer omdat hulle geen gewete meer oor sondes sou hê nadat hulle een maal gereinig is nie, ³ maar deur die offers onthou hulle elke jaar hul sondes, ⁴ want dit is nie moontlik vir die bloed van bulle en jaaroud bokke om die sonde weg te was nie. Heb. 10:1 tot 4.

Die offerandes volgens die wet van Moses kon nie volmaaktheid bring nie. Daarom het die geskrewe wet (die boek van die wet) vir elke Israeliet 'n skuldslas en 'n gewetenslas geword. Dit het 'n vloek geword (Gal. 3:13), vanweë die swakheid (sieklikheid) van die menslike vlees – *omdat die wet swak was vanweë die sieklikheid van die vlees* (Rom. 8:3)!

Daarom skryf Paulus in sy brief aan die Galasiërs, en met verwysing na Deut. 27:26, die volgende:

want almal wat 'staatmaak op die onderhouding van die wet,' is onder 'n vloek, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie." Gal. 3:10.

In sy brief aan die Galasiërs bevestig Paulus weereens dat niemand deur onderhouding van die geskrewe wet, naamlik deur die werke van die wet, geregverdig kan word nie. Nee, ons kan alleenlik deur vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias deur YHVH-God regverdig verklaar word.

¹⁵ Ons wat van nature Jode en nie sondaars vanuit die ander nasies is nie, ¹⁶ weet dat die mens nie onskuldig verklaar word vanuit die doen van die geskrewe wet nie, maar deur vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een. Ons het ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, vertrou sodat ons onskuldig verklaar kon word vanuit vertroue in Die Gesalfde Een en nie vanuit die

doen van die geskrewe wet nie omdat deur die doen van die geskrewe wet geen mens onskuldig verklaar sal word nie. Gal. 2:15 en 16.

Dan verduidelik Paulus verder in Gal. 3:11 tot 14 dat Israel alles volgens die geskrewe wet moes doen om daardeur te lewe, naamlik as geregverdig gereken te word, maar dat Yeshua ons losgekoop het van hierdie vloek van die geskrewe wet deur in ons plek 'n Vloek te word:

11 Dat 'n mens nie deur die geskrewe wet by God onskuldig verklaar word nie, is duidelik, want dit is geskrywe: "Die onskuldige sal deur vertrouwe leef, " 12 maar die geskrewe wet was nie vanuit vertrouwe nie, maar wie ook al dié dinge doen wat daarin geskrywe is, sal daarin lewe." 13 Die Gesalfde Een het ons losgekoop van die vloek van die geskrewe wet deur in ons plek 'n Vloek te word, want daar is geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" 14 sodat die seën van Avraham na die ander nasies kon kom deur Die Gesalfde Een, Yeshua en dat ons die belofte van die Gees deur vertrouwe mag ontvang.

Die boek van die wet kon die mens nie vrymaak van sonde en veroordeling nie. Dit het Paulus ook in sy brief in Hoofstuk 7 aan die Romeine duidelik gemaak. Die rede is dat die wet swak is in vergelyke met die begeertes van die vlees om te wil sondig, naamlik om die wet te wil oortree. Die fout is dus nie die wet nie, want die geskrewe wet is afgesonderd en die opdragte is afgesonderd, regverdig en goed (Rom. 7:12). Dit is die onbesnede hart van die mens wat vleeslike dinge bedink en begeer. Hierdie gedagtes van die vlees is die geestelike dood en dit is vyandskap teen YHVH-God

5Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer, 6want die gedagtes van die vlees is dood, maar die gedagtes van die Gees is lewe, vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid 7omdat die gedagtes van die vlees vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie, want dit is ook nie moontlik nie. 8Hulle wat in die vlees is, kan God nie tevrede stel nie, 9maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van Die Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie.
Rom. 8:5 tot 9

Die boek van die wet leer ons wat sonde is en in dié opsig is dit afgesonder (heilig) en goed en steeds nuttig!

Wat sal ons daarom sê? Is die geskrewe wet sonde? 'n Verwerplike gedagte! Ek sou nie weet wat is sonde anders as deur die wet nie, want ek sou ook nie begeerte geken het as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie." Rom. 7:7.

Maar weens die mens se vleeslike swakheid tot sonde het die wet elkeen voortdurend skuldig bevind en veroordeel.

Die enigste oplossing om hiervan vry te kom, is dat die mens se sondeskuld afgeskryf moet word en dat die mens sy vlees (sonde aard) moet oorwin. Dan sal elkeen kan terugkeer om te stap in die voetspore van Abraham en volgens die Melgisedek priesterorde! Dan sal elkeen die nageslag van Abraham wees en die seëninge van Abraham deelagtig wees.

Elkeen wat glo in Yeshua as die Messias, se sondeskuld, naamlik die oortreding van die boek van die wet, is vergewe en afgeskryf. Die skuldslas en gewetenslas is nou verwyder!

Maar om in die voetspore van Abraham volgens die Melgisédek priesterorde te stap moet die gelowige se sondige vlees (sonde aard) ook oorwin word. Yeshua se folterdood en opstanding het ook dit moontlik gemaak! Paulus verduidelik dit soos volg:

4 Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos Die Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef, *5* want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy. *6* Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie, *7* want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry. *8* As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die Gesalfde Een sal lewe *9* omdat ons weet dat Die Gesalfde Een opgestaan het uit die dood en nie weer sal sterf nie en die dood geen outoriteit oor Hom het nie. *10* Hy wat dood is vir die sonde, het een maal gesterf en omdat Hy leef, leef Hy vir God. *11* Net so moet julle ook julleself beskou as dood vir die sonde en dat julle leef vir God in eenheid met ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een. Rom. 6:4 tot 11.

Deur vertrou in Yeshua beskou ons onself as saam met Messias gekruisig sodat die liggaam – die vleeslike begeertes – vernietig is en dat ons nie langer meer 'n slaaf van die sonde is nie! Deur vertrou in Yeshua is ons dood vir die sonde en neem ons die outoriteit oor sonde.

12 Die sonde sal daarom nie in julle dooie liggame heers, asof julle aan sy begeertes gehoorsaam sou wees nie. *13* Moet ook nie julle lede aanbied as wapens vir boosheid tot sonde nie, maar bied julleself aan vir God as mense wat uit die dood uit lewend is en julle lede sal wapens wees vir die onpartydige opregtheid van God. *14* Sonde het nie outoriteit oor julle nie, **want julle is nie onder die geskrewe wet nie, maar onder onverdiende guns.** Rom. 6:12 tot 14

Deur die onverdiende guns in Yeshua is ons nie meer onder die geskrewe wet (die boek van die wet) nie! Maar dit beteken nie ons is vry van die wet, naamlik wetteloos nie, soos Paulus dit bevestig:

Kanselleer ons daardeur die geskrewe wet deur vertrou? 'n Verwerplike gedagte!
Inteendeel, ons bevestig die wet. Rom. 3:31.

Verwarrend? Nee, wat Paulus ons leer is dat ons vry van die werke van die wet is, soos byvoorbeeld van die offerandes wat die boek van die wet voorskryf, want in Yeshua het elkeen van hierdie offerandes tot 'n einde gekom. Yeshua was die eenmalige offer wat al hierdie fisiese offerandes vervang het.

Daarom, deur vertrou in Yeshua bevestig ons die geskrewe wet in die sin daarvan dat ons skuldig staan, maar deur die onverdiende guns van YHVH in Yeshua is ons vrygespreek van ons sondeskuld en van die vereistes om fisies te gaan offer! Deur vertrou in Yeshua is dit so goed asof ons dit self gedoen het en steeds doen!

Die Levitiese priesterorde het vereis dat daar daagliks dieselfde slagoffers gebring moes word, hoewel dit nooit die sondes kon wegneem nie (Heb. 10:11). Maar Yeshua as die ewige Melgisédek Hoofpriester het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, gaan sit aan die regterhand van God (Heb. 10:12).

Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, Rom. 8:2 en 3.

Die wet van die sonde en die dood is die boek van die wet. Maar die wet van die Gees van die Lewe in Yeshua is die Torah van Yeshua van die nuwe verbond van die herstelde Melgisédekorde. Die verbond met Abraham en die boek van die verbond het nou in Yeshua 'n werklikheid geword. Daarom kan Petrus met verwysing na Ex. 19:5 en 6, verklaar:

Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk,⁸ bymekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9

Nou is dit die Afgesonderde Gees wat ons leer en herinner hoe om dit waarvan die boek van die wet 'n skaduwee was, in die nuwe verbond toe te pas!

YHVH het ons geroep tot Sy geregtigheid en Sy geregtigheid is deur vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias.

Daarom is ons ambassadeurs namens Die Gesalfde Een, asof God julle uitnooi deur ons; daarom vra ons julle, namens Die Gesalfde Een: laat julle verhouding met God herstel, want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word. 2 Kor. 5:20 en 21

YHVH se geregtigheid is nie te vinde in die boek van die wet nie, maar wel in Yeshua, Die Gesalfde Een! Soek daarom eers die koninkryk van YHVH en Sy geregtigheid en dan sal daar aan al ons ander behoeftes voldoen word. (Matt. 6:33). Die wat dit nie doen nie is besig om hulle eie geregtigheid op te rig en die geregtigheid van YHVH te verwerp.

Ons nader tot YHVH alleenlik deur Yeshua en nie deur die voorgeskrewe offerandes soos dit in Levitikus uiteengesit word nie. Dit was slegs 'n skaduwee van die toekomstige heerlijkheid van Yeshua wat aan die kom was!

Rabbynse Judaïsme wat Yeshua verwerp, is steeds skuldig aan dit wat geskryf is in die boek van die wet – die geskrewe wet. Vanweë die gebrek aan 'n tempel en priesterorde kan hulle nie offer nie. Hulle verwerp dat Yeshua namens hulle die skuld vir die oortreding van die boek van die wet gedra het. Dit is dan die groot rede vir hulle verlange na 'n tempel en 'n Levitiese priesterorde! Hulle is geestelik blind vir die feit dat die tabernakel (tempel), die Levitiese priesterorde en die offerandes in Yeshua tot 'n einde gekom het!

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die offerandes van die nuwe verbond van die orde van Melgisédek? Verwys Heb. 13:5; Rom. 12:1 en Fil. 4:18.
2. Omrede daar nie meer 'n tempel is nie, en daar dus nie meer geoffer kan word nie, glo Rabbynse Judaïsme dat die bestudering van Torah en die daaglikse gebede die offerandes vervang het. Hulle het ook geen hoëpriester wat namens Israel die offerandes op die Bestemde Tye van YHVH, soos op Yom Kippur kan bring nie! Rabbynse Judaïsme staan dus voor YHVH in 'n voortdurende staat van beskuldiging! Daarom probeer Judaïsme om

hierdie probleem op te los deur ondermeer in die Talmud te skryf dat *one who occupies himself in study of the laws of the offerings is considered as if he brought them*. Hierdie siening word bevestig deur Rabbi Ari Enkin (Rabbynse Direkteur, United With Israel): *Study the laws of the sacrifices, and it is as if you had actually offered them! It's like double points!* Is hierdie siening versoenbaar met Torah of is dit die leerstelling van mense? Kan daar vergifnis van sonde wees sonder die bloed van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het? Verwys Heb. 9:22.

3. Ons moet beseft dat wanneer die derde tempel gebou gaan word, gaan daar offerandes gebring word deur 'n priesterorde wat Yeshua as die eenmalige offer verwerp! Kan jy jou hiermee vereenselwig? Gaan jy deel hieraan hê? Gaan dit nie 'n gruwel in die oë van YHVH wees nie?

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.